IPsyNet

International Psychology Network for Lesbian, Gay, Bisexual, Transgender and Intersex Issues

IPsyNet-verklaring en verbintenis mbt LGBTIQ+ aangeleenthede

- As onderskrywers van die beginsel dat menseregte universeel is, erken ons dat alle mense die reg op waardigheid en respek het, met inbegrip van respek vir diversiteit op grond van seksuele oriëntasie, genderidentiteit en genderuitdrukking, of verskille in geslagsontwikkeling. Ons is van mening dat diskriminasie en sielkundige mishandeling nie strook met die internasionale strewe na menseregte nie (Universal Declaration of Ethical Principles for Psychologists, 2008). Ons ondersteun op aktiewe wyse die ontwikkeling en ondersteuning van regstellende en inklusiewe behandeling van LGBTIQ+-mense, asook diensverskaffing aan hulle.
- Ons is dit eens dat sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie beskik oor vakkennis gebaseer op dekades van navorsing wat toon dat LGBTIQ+-identiteite en -uitdrukkings normale en gesonde variasies van menslike funksionering en verhoudings is. Soos, byvoorbeeld, in die World Health Organization's ICD-10 (1990, p. 11) uiteengesit, is homoseksualiteit nie 'n diagnoseerbare geestesongesteldheid nie. Ons betwis op aktiewe wyse bewerings wat deur politieke, wetenskaplike, godsdienstige of ander groepe gemaak word waarin verklaar of beweer word dat LGBTIQ+-identiteite, -uitdrukkings, en -geslagseienskappe abnormaal of ongesond is.
- Aangesien LGBTIQ+-identiteite en -oriëntasies normatiewe variasies van menslike belewenis is en nie diagnoseerbare geestesongesteldhede per se nie, vereis hulle nie terapeutiese intervensies om hulle te verander nie. Gegewe dat konversieterapie vir dieselfdegeslag-oriëntasie en transgender-identiteite op aktiewe wyse stigmatiseer, asook oor die potensiaal beskik vir skade, ondersteun ons bevestigende benaderings tot terapie vir LGBTQ+-mense en verwerp ons terapieë wat daarop gemik is om LGBTIQ+-mense leed aan te doen.
- Transgender- en gender-niekonformerende individue het die reg om te lewe volgens hulle gender-identiteit en om toegang te hê tot mediese, psigoterapeutiese en maatskaplike ondersteuning soos nodig. Hierdie ondersteuning moet aangebied word ongeag daarvan of die persone 'n binêre of niebinêre genderidentiteit het en of hulle toegang probeer verkry tot maatskaplike of mediese oorgang of een, verskeie of alle behandelings wat beskikbaar is. Ons ondersteun verder die volle outonomie van transgender- en gender-niekonformerende individue in die bekragtiging van hulle gender-identiteite. Bevestigende sielkundige ondersteuning kan voordeel inhou tydens die ontwikkeling van hulle identiteit en besluitneming rakende maatskaplike en mediese oorgang (Coleman et al., 2012). Ons is ten sterkte gekant teen regulasies wat transgender- en gender-niekonformerende individue dwing tot sterilisasie, egskeiding of ander prosedures wat stigmatiserende gevolge of geestelik, fisies of maatskaplik skadelike gevolge kan hê ten einde tot die verlangde oorgangsondersteuning toegang te verkry. Ons bevestig dat transgender- en gender-niekonformerende individue die reg het om hulle identiteite te definieer asook om te besluit oor en toegang te verkry tot regstellende en oorgangsverwante gesondheidsorg soos verlang (Yogyakarta Principles, International Panel of Experts, 2007).
- Sommige LGBTIQ+-mense kan moontlik sielkundige angs ervaar as gevolg van die uitwerking van sosiale stigma op en vooroordeel teenoor LGBTIQ+-mense in die algemeen of teenoor hulle individuele identiteit binne die LGBTIQ+-spektrum. LGBTIQ+-individue met nie-monoseksuele (bv. biseksuele, panseksuele) en nie-cis-identiteite (bv. trans, nie-binêr, a-gender), asook LGBTIQ+-individue met interseksionele minderheidsidentiteite (bv. gebaseer op ras, etnisiteit, gestremdheid, godsdiens, gender, maatskaplike klas) kan in die besonder die gevaar loop van minderheidstres, diskriminasie, beide binne en buite die LGBTIQ+-bevolking, en sielkundige probleme wat daaruit voortspruit. Ons verwerp diskriminasie op grond van oorvleueling van minderheidsidentiteite binne die LGBTIQ+-bevolking en verder. Ons ondersteun voorts sielkundige navorsing en praktyk wat die interseksionaliteit van LGBTIQ+-identiteite met ander se identiteite, soos etnisiteit, maatskaplike klas en godsdiens, ten volle in ag neem.
- Pogings om LGBTIQ+-oriëntasies, identiteite of mense te her-patologiseer deur hulle met swak geestesgesondheid te verbind, interpreteer die gevolge van stigmatisering en omgewingsvyandigheid verkeerdelik as inherent aan LGBTIQ+-mense se seksuele oriëntasies, hulle genderidentiteite en uitdrukkings, of biologiese verskil. Ons bepleit die verwydering van die stigma van psigopatologie van LGBTIQ+-identiteite en -uitdrukkings, en is gekant teen die misbruik van navorsing oor gesondheidsongelykhede waarvoor LGBTIQ+-mense te staan kom en wat die publiek verkeerd inlig en poog om LGBTIQ+-mense te her-patologiseer.
- Sielkundiges se gebrek aan inligting en verkeerde inligting omtrent LGBTIQ+-mense en -identiteite kan diskriminasie, stereotipering en die potensiaal vir misbruik op die gebied van fisiese en geestesgesondheid laat voortbestaan. Ons beveel aan dat LGBTIQ+-mense as kundiges en aktiewe, gelyke vennote ingesluit word by navorsing en beleidsontwikkeling vir navorsing en beleidsinisiatiewe wat hulle raak. Ons ondersteun die ontwikkeling van sielkundige navorsing en opvoeding wat nie hetero- of cis-normatief is nie (bv. Clarke et al., 2010). Daarbenewens verskaf ons sielkundige kennis aan sielkundige netwerke, organisasies, beleidsbepalers, die media en die publiek. Laastens, gebaseer op wetenskaplik-gefundeerde kennis bepleit ons groter bewustheid van behoeftes op die gebied van LGBTIQ+-mense se gesondheid en welwees ten einde openbare beleid en LGBTIQ+-gemeenskappe te verbeter.

ONDERSKRYWENDE ORGANISASIES

INTERNASIONAAL

Association for Contextual Behavioral Science

PLAASLIKE

European Federation of Psychologists Associations

Interamerican Society of Psychology/ Sociedad Interamericana de Psicología

BURGERS

ALBANIË
Order of Psychologists of Albania

AUSTRALIË
Australian Psychological Society

BANGLADESJ
Bangladesh Psychological Association

BRAZIL
Brazilian Association of Teaching of Psychology/Associação Brasileira de Ensino de Psicologia

Brazilian Association of Legal Psychology/ Associação Brasileira de Psicologia Juridica

Brazilian Association of Psychotherapy/ Associação Brasileira de Psicoterapia

Brazilian Association of School and Educational Psychology/Associação Brasileira de Psicologia Escolar e Educacional

Brazilian Institute of Psychological Evaluation/Instituto Brasileiro de Avaliação Psicológica

Federal Council of Psychology/Conselho Federal de Psicología

National Association for Research and Graduate Studies in Psychology/ Associação Nacional de Pesquisa e Pós-graduação em Psicologia

National Coordination of Psychology Students/Coordenação Nacional de Estudantes de Psicologia

CHILI
Psychologists Association of Chile/ Colegio de Psicólogos de Chile

COLUMBIË
Colombian College of Psychologists/ Colegio Colombiano de Psicólogos

DUITSLAND
Association for Lesbians, Gay, Bisexual, Trans*, Intersexual and Queer People in Psychology/Verband für lesbische, schwule, bisexuelle, trans*, intersexuelle und queere Menschen in der Psychologie (VLSP*)

German Psychological Society/Deutsche Gesellschaft für Psychologie

FILIPPYNE
National Association for Sikolohiyang Pilipino/Pambansang Samahan sa Sikolohiyang Pilipino

Psychological Association of the Philippines

GUATEMALA
Guatemalan Psychological Association/ Asociación Guatemalteca de Psicología

HONG KONG
Hong Kong Psychological Society

HONGARYE
Hungarian Psychological Association, LMBTQ Section/Magyar Pszichológiai Társaság

KAMEROON
Cameroon Chamber of Actors in Psychology/Chambre Camerounaise des Acteurs en Psychologie

KANADA
Canadian Psychological Association/ Société Canadienne de Psychologie

LIBANON
Lebanese Psychological Association

NEDERLAND
Dutch Association of Psychologists/ Nederlands Instituut van Psychologen

NIEU-SEELAND
New Zealand Psychological Society

NOORWEË
Norwegian Psychological Association/ Norsk Psykologforening

POLE
Association for Contextual Behavior Science Polska

Polish Psychologists' Association/ Stowarzyszenie Psychologów Polskich

Polish Dialectic Behavioral Therapy Association/Polskie Towarzystwo Terapii Dialektyczno-Behawioralnej

Polish Association for Cognitive and Behavioral Therapy/Polskie Towarzystwo Terapii Poznawczej i Behawioralnej

PORTUGAL
Order of Portuguese Psychologists/ Ordem dos Psicólogos Portugueses

PUERTO RICO
Puerto Rico Psychological Association/ Asociación de Psicología de Puerto Rico

RUSLAND
Russian Psychological Society/ Российское психологическое общество

SPANJE
Spanish Psychological Association/ Colegios Oficiales de Psicologos

SUID-AFRIKA
Psychological Society of South Africa

TAIWAN
Taiwan Counseling Psychology Association

Taiwan Counseling Psychologist Union

Taiwan Guidance and Counseling Association

TSJEGGIË
The Czech-Moravian Psychological Society/Českomoravská Psychologická Společnos

VERENIGDE KONINKRYK
British Psychological Society

VERENIGDE STATE
Association for Behavioral and Cognitive Therapies

American Psychological Association

National Latinx Psychological Association

URUGUAY
Coordinator of Psychologists of Uruguay/ Coordinadora de Psicólogos del Uruguay

VERWYSINGS

Clarke, V., Ellis, S. J., Peel, E., & Riggs, D. W. (2010). *Lesbian, gay, bisexual, trans and queer psychology: An introduction.* Cambridge, UK: Cambridge University Press. **https://doi.org/10.1017/9781108303750**

Coleman, E., Bockting, W., Botzer, M., Cohen-Kettenis, P., DeCuypere, G., Feldman, J., . . . Zucker, K. (2012). Standards of care for the health of transsexual, transgender, and gender nonconforming people, Version 7. *International Journal of Transgenderism,* 13, 165–232. **doi:10.1080/15532739.2011.700873**

Universal Declaration of Ethical Principles for Psychologists. (2008). Available from the International Union of Psychological Science Website: **https://www.iupsys.net/about/declarations/universal-declaration-of-ethical-principles-for-psychologists/**

World Health Organization. (1990). International statistical classification of diseases and related health problems (11th ed.). **https://www.who.int/standards/classifications/classification-of-diseases**

Yogyakarta principles: The principles on the application of international human rights law in relation to sexual orientation and gender identity. (2007). **http://yogyakartaprinciples.org/principles-en/yp10/**